

April 2010

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dr. Herman M. Rex was 'n groot kenner van ou Pretoria. Hy het beide verhandelings vir sy meestersgraad en sy doktoraal oor ou Pretoria gedoen. Een was oor die ou Raadsaal en sy voorgangers en die ander oor die lewe van Sytze Wierda. Ek het 'n aantal jaar gelede 'n ongepubliseerde stuk wat hy in 1975 geskryf het by die Hervormde Kerk argiewe gefotostateer. Dit is inligting wat van groot belang vir navorsers kan wees. Hier volg 'n gedeelte daarvan. Die foto's het ek bygevoeg.

### **Besienswaardighede in Pretoria**

#### Vermeulenstraat

In hierdie straat het in die vroeë dae 'n hele aantal bekende persoonlikhede gewoon, waarvan die bekendste Alois Hugo Nellmapius was, wat op die noord-oostelike hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat gewoon het. Ook vise-president C.J. Bodenstein het naby die hoek van Van der Waltstraat gewoon.

Op die noord-westelike hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat staan die rooibaksteengebou wat in 1897 voltooi is en wat die Staatsdrukkery gehuisves het, in elke opsig 'n modelinrigting in daardie dae. Dit is gebou deur W.S. Geerts.

Op dieselfde terrein het die Persdrukkery wat aan Nellmapius behoort het gedurende die 1880's tot stand gekom. Anton van Wouw en W. Schroder was gedurende die 1890's onder andere by De Pers/The Press as spotprenttekenaars in diens gewees.



Op die terrein waar vandag die Jeugsentrum staan, is die bekende Suzanna-saal in 1904 opgerig. In hierdie saal het Pres. Kruger se lyk in Desember 1904 voor sy begrafnis in staatsie gelê.

Die N.H. of G. Kerkgebou – die sg. “Grootkerk” – is in 1903/04 gebou. Die argitekte was Klaas van Rysse [van Rijsse] en J.B. Weyers. Op die kerkterrein is 'n monument vir ds. H.S. Bosman.

Regoor die Grootkerk, op die suid-oostelike hoek van Bosman- en Vermeulenstraat op die terrein van die huidige [1975] sentrale Goewermentsgebou, het in die 1880's die bekende meisieskool van mej. van Pommeren gestaan.

### Kerkstraat-Wes tot by die ou Kerkhof.

In die Republikeinse tyd het baie bekende persone aan weerskante van Kerkstraat gewoon, veral in die gedeelte vanaf Kochstraat [Bosmanstraat] tot by Potgieterstraat: onder andere genl. Hendrik Schoeman, meester Wessel Louis [tot 1884], ds. S.J. du Toit [superintendent van Onderwys en vader van die digter Totius], kol. I.P. Ferreira, ds. Postma, Sytze Wierda, H. Stiemens, Gerrit Pierneef en Klaas van Rysse [van Rijsse].

Toe kommandant Kruger as kommandant-generaal gekies is, wou hy dit aanvaar alleen op voorwaarde dat dit nie van hom verwag sou word om op Pretoria te kom woon nie. Op daardie tydstip het hy nog geen vaste eiendom op Pretoria besit nie en het naby Rustenburg gewoon. Die Voorsitter van die Volksraad het beslis dat dit nie van hom verwag sou word om op Pretoria te kom woon nie. Nietemin het kmdt-genl. Kruger teen die einde van Oktober 1863 vir hom twee erwe op Pretoria gekoop, nl. Erf Nrs. 313 en 314 [vroeër Nrs. 312 en 313], op die noord-oostelike hoek van Kerk- en Schubartstraat. Later het hy dit weer verkoop en vir hom erwe gekoop waar die Krugerhuis in 1884 gebou is. Voor die tyd het hy gewoon op 'n langsaan-geleë erf waar die Naturelle-paskantoor nou is [d.w.s. in 1975].

Die Krugerhuis is ontwerp deur Tom Claridge, 'n argitek wat destyds vanaf Kimberley na Pretoria verhuis het ten einde vir Nellmapius sekere geboue in en naby Pretoria te kom ontwerp. Die fondse vir die oprigting van die Krugerhuis was dan ook deur Nellmapius voorsien en die gebou is voltooi terwyl Pres. Kruger op amptelike besoek in Europa was.



Vroeë foto van Krugerhuis. Links voor die huis is 'n reling vir besoekers om hul perde aan vas te maak. Kyk ook na die waghuis regs op die foto. Hier sien ons dat die bome voor die huis nog klein is en dit lyk nie asof Bernato se leeus toe al daar gelê het nie.

Teenoor die Krugerhuis staan die Gereformeerde Kerkgebou, ontwerp deur Klaas van Rysse [van Rijsse] en opgerig in die tweede helfte van die 1890's.

Potgieterstraat was oorspronklik die westelike grens van Pretoria.

### Bosmanstraat

Die Staatsgimnasium op die suid-oostelike hoek van Bosman- en Proesstraat is in 1897 gebou deur bouaannemer W.A. Geerts.

Op die noord-westelike hoek van Bosman- en Proesstraat, regoor die teenswoordige [1975] Staatsdrukkery, staan die historiese Eendrachtskool, wat uit die C.N.O. beweging na die Tweede Vryheidsoorlog spruit. Dit is opgerig met fondse wat destyds in Duitsland en Nederland vir noodleniging in die verowerde Boererepublieke ingesamel is. Daar is 'n interessante inskripsie op die ingang aan Bosmanstraat se kant om die "Kruger Stiftung" te gedenk.

### Proesstraat

Dr. E.J.P. Jorissen woon gedurende die 1870's vir 'n tyd lank op die hoek van Proes- en Markstraat [vandag Paul Krugerstraat], die terrein van die huidige [1975] Duitse Klub. Dr. Roorda Smit het vir 'n tyd lank by dr. Jorissen ingewoon. Die Hooge School, waaraan sy verbonde was, sowel as 'n biblioteek en 'n museum was terselfdetyd in die gebou gehuisves.



Huis van dr. Jorissen

### Boomstraat

'n Watervoor wat sedert die 1850's vanaf 'n dam naby die huidige [1975] Trembrug in Esselenstraat al met Du Toitstraat langs tot by die huidige busstalle geloop het, het die grens gevorm tussen die dorpsere en die privaatgrond van J.J.P. Prinsloo en A.F. Du Toit. Mettertyd het Boomstraat al aan die noordekant van die watervoor tot stand gekom. Dit gee ook 'n verklaring waarom Boomstraat, na die oostekant toe, nie parallel met Bloedstaat loop nie, want die grootte van sekere erwe is bepaal volgens die loop van die watervoor. Vir dieselfde rede loop Du Toitstraat vir 'n hele ent ook met 'n draai.

Die terrein van die Nasionale Dieretuin het vanaf die 1860's aan kommandant-generaal Stephanus Schoeman behoort wat dit van M.W. Pretorius gekoop het. Dit het as Klein-Schoemansdal bekend gestaan. In die 1860's het J.F. Celliers, die redakteur van "De Volksstem", in besit van Klein-Schoemansdal gekom, dit "Rus in Urbe" genoem en van sy plasie in die stad 'n lushof gemaak. Terwyl die Celliers-gesin hier gewoon het, is een van die dogters met Anton van Wouw getroud.

Teen die einde van die 1880's het die regering "Rus in Urbe" aangekoop. Celliers se huis was toe vir 'n ruk lank gebruik as Staats-Tehuis voor Jongens. Die dieretuin het alreeds voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog tot stand gekom met Dr. Gunning as die eerste Direkteur.

Die hoeksteen van die museumgebou is in 1899 deur dr. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, gelê.

Op die hoek van Boomstraat, Du Toitstraat en Soutpansbergweg is die terrein van die eertydse woning van J.J.P. Prinsloo [Joggem Tweeduum], eienaar van die gedeelte van die plaas Daspoort waarvan hy 'n gedeelte aan M.W. Pretorius verkoop het vir die uitleg van Pretoria. Hier naby was ook die woonhuis van



Zagarias Pretorius. In 'n buitekamer van hierdie huis het die eerste Goewermentskool begin.

Op die hoek van Soutpansbergweg en Beatrixstraat [by die sirkel], onder 'n groot doringboom, was die terrein van een van die tolhekke in die ou dae.

Op die hoek van Bosman- en Boomstraat is die terrein van die eerstydse woning van Christiaan J. Joubert, hoof van Mynwese van die ZAR; die dubbelverdiepinghuis is in 1890 gebruik as vergadersaal van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk.

Op die terrein van die busstalle was die eertydse woonhuis van T.N. de Villiers, 'n gesiene persoon in die tyd van die Republiek.

#### Du Toitstraat


Die Ned. Hervormde Kerkgebou op die hoek van Du Toit- en Kerkstraat is in 1904 opgerig en ontwerp deur J.B. Weyers [Wyers]. Interessant is die name van Nederlanders wat in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het wat buite die kerkgebou aangebring is. Onder andere verskyn die naam van die skilder Vincent van Gogh se broer [Theo].

Du Toitstraat was oorspronklik die oostelike grens van Pretoria, en Boomstraat [eers Schuttestraat genoem] die noordelike grens.

Die terrein van die Pretoriase Tegniese Kollege [noord-oostelike hoek van Du Toit- en Kerkstraat] was vroeër die woonplek van P.W.T. Bell, hoof van die Staatsdrukkery.

Die terrein omsluit deur Du Toitstraat en die Apiesrivier het vanaf 1857 aan landdros A.F. du Toit behoort. Hy het die grond van M.W. Pretorius, die eienaar, vir 'n Basoetoeponie geruil en dit Arcadia genoem; die gebied [wes van die Apiesrivier] was dus Pretoria se eerste voorstad en ook die oorspronklike Arcadia.

Die teenswoordige voorstad Arcadia is in die 1880's deur S.P. Meintjes as voorstad uitgelê. Vir 'n geruime tyd was Meintjes die eienaar van 'n meule in die nabyheid van Du Toit se vroeëre woonhuis. Die meule was aanvanklik geleë op die wes-oewer en later op die oos-oewer van die Apiesrivier. Die tweede meulgebou het later De Loor se bakkery geword.



Links die meule, regs Meintjes se huis.

## Regstelling van verlede maand se brief:

Weer eens dankie vir jou groot moeite met jou maandelikse brief!

Ek dink daar is net 'n ligte vergissing oor die Pretoria Hotel op Kerkplein – dit het nooit die Transvaal Hotel geword nie. Die Transvaal Hotel was in Pretoriusstraat, tussen St Andriesstraat (= Andriesstraat) en Markstraat (= Paul Krugerstraat), aan die suidekant. Dit sou in die 20ste eeu die Polley's Hotel word en die deurloop dra vandag nog daardie naam.

Hartlike groete, Fransjohan Pretorius

[Dankie vir die regstelling. Ek was seker 'n bietjie deurmekaar met al die hotelle]

---

## Die volgende van Felicia Fourie. Kan iemand miskien help?

Ek het die skrywe oor die ou hotelle baie geniet. Prof Johann Barnard wat voorverlede jaar oorlede is, kon so lekker gesels oor die ontmoetinge van die oorlogskorrespondente in die ou hotelle tydens die Anglo-Boere-oorlog.

Ek het 'n vraag oor die naam Muckleneuk – befaamde ou voorstad van die stad Pretoria. Ons woon 40 jaar in hierdie voorstad (in dieselfde huis met dieselfde meubels) en ek was altyd onder die indruk dat die naam wat Walker aan die voorstad gegee het “Klein Hoekie” beteken – afgelei van die Skots ‘muckle’ en ‘neuk’. Heel onlangs het ek vasgestel dat die Skotse woord ‘muckle’ egter “groot” of “veel” beteken. Byvoorbeeld, iemand met 'n groot mond het 'n “muckle mooth”. Toe wys Anton Jansen my daarop dat in 'n oodragkontrak gedateer 1895 hierdie gebied na verwys word as Veelhoeke, en in hakkies geskryf ‘Muckleneuk’. Volgens Anton kon die inskrywing ‘(Muckleneuk)’ moontlik in latere jare die werk van Tom Andrews of prof Rex gewees het.

Nou die vraag: Sou hierdie gedeelte van Bronkhorst se plaas losweg bekend gewees het as ‘Veel hoeke’ en het Walker die Skotse vertaling gebruik vir die naam van sy nuwe eiendom? Of was Veelhoeke die Boere se vertaling van Muckleneuk?

Dit sal heerlik wees as iemand die antwoord het!

Terloops, die regte uitspraak klink soos 'Moekelnoek'.

Groete  
Felicia Fourie

---

## Nog iets oor die Ras Kanonne, ingestuur deur David Ras

Rosa, ek het op jou website gesien dat julle lekker gesels en bespiegel oor wie die werklike maker van die kanon was. Wel, dit kan niemand vir julle bevestig nie want almal van daardie tyd is al dood maar wat wel ter sprake is, is die feit oor die tweespalt in die familie.

Ek is Eduard David Ras gebore 1957, die seun van Eduard David Ras gebore 1915, en op sy beurt weer die seun van Sarel Martienus Ras gebore 25 Julie 1883 [my oupa], en hy was die seun van Eduard David Ras gebore 18 Jan 1847, dus my oupa grootjie. In my besit is die doopseëls van sowel Sarel en sy vrou met hul onderskeie ouers se name waar dan die kanonmaker se naam op staan. Nou goed, dit sê dan seker nie veel nie, maar my vader het botweg geweier om

oor die kanone te praat. Ek asook my broers en susters het verskeie male deur die jare met hom probeer gesels oor die kanone. Maar tog eendag so omtrent 3 maande voor sy dood in 1980 het hy my eenmaal so geantwoord: "Jy moet dit nou net los en ophou om my te vra oor die verdekselse kanon. Dit is verby en ons praat nie daaroor nie. My oupa was 'n smid en klaar gepraat." Dit, Rosa, het my gestem om soos baie ander ook in die skrywes van jouself en Heunis, asook die baie verwysings na Eduard as 'n baie vaardige ambagsman, te berus dat oupagrootjie wel die kanon gebou het.

Ek het 'n kleinneef ook met die naam Eduard en hy en sy gesin en familie is tans besig met die reël van 'n RAS saamtrek wat gehou word op die Jopie Fourie terrein in Pretoria op 9 & 10 Julie 2010. As jy kyk op Google en intik Eduard David sal jy 'n hofie kry wat sê Ras-familie byeenkoms of dalk [www.netads24.com/ViewAd.aspx](http://www.netads24.com/ViewAd.aspx) of so iets. Verskoon maar ek is nog nie so bedrewe met 'n comp nie. Maar nouja, Eddie [my neef] het geweldig navorsing gedoen en dan ook iemand ontmoet wat blykbaar kon bevestig soos Gezina van Potch dat Eduard die kanon gebou het. EK self glo onwrikbaar dat Eduard die kononne gebou het soos wat my vader dit gestel het en hoe dit ookal sy daar is NIEMAND in hierdie land wat kan sê my familie het so 'n trotse daad verrig as om 'n KANON te bou nie. Wel ek is trots om dit te kan sê. Na my vader se dood het my moeder gesê ek moet met 'n man met die van Kruger gaan praat, hy sal my meer kan vertel, maar dit was my nie beskore aangesien die man toe oorlede is voordat ek hom kon kontak. Nouja, dit is maar my bydrae tot die misterie van die kanon. 'n Klein stukkie van die legkaart is dan ook dat toe die kanon die eerste maal op die plaas getoets is was die loop gelaai met droë meliestronke en nie 'n loodbal of iets dergeliks nie; dit kom van 'n broer van my vader Sarel Martinus en dit het bygedra tot die uitspring van die "prop" agter en tereg weergegee was hulle amper BOKFONTEIN toe.

Wees gegroet, E.D. Ras